| 1 Augustus | NG Gemeente Kogelberg | 2025 |
|---|---|---|

# Eerste Gelui

NUUS VANUIT DIE GEMEENTE



## SONDAG 3 AUGUSTUS SE EREDIENSTE

| 09:00 | 09:00 | 09:30 |
|---|---|---|
| **Hangklipkerk** | **Kuierkerk** | **Kleinmondkerk** |
| Ds. Theuns Henn | Ds. Louis Fourie | Ds. Jannie Hougaard |
| Kol 3:1-11 | Lukas 12:13-21 | Lukas 12:13-21 |

LIG | DEERNIS | HOOP

## Kuierkerk




## Hangklipkerk




## Kleinmondkerk



Kleinmondkerk se erediens word op ons YouTube-kanaal uitgesaai. Die skakel na ons YouTube-kanaal is: https://www.youtube.com/@NGKerkKleinmond

SnapScan

**Gebruik gerus die SnapScan-opsie om jou offergawe te gee.**

## DEUROFFERS

Die deuroffers hierdie week is vir Sinodale Vrouebegeleiding van Kaapkerk.

Op 10 Augustus is dit vir

**Sinodale Deuroffer vir Dowes.**






# Program vir die week

| | | |
|---|---|---|
| **Maandag 4 Augustus** | ***16:30*** | *GriefShare*-kursus (Kapel) |
| **Dinsdag 5 Augustus** | ***09:00*** | Hangklip Gebedsgroep |
| | ***15:00*** | Vrouebyeenkoms (Kerksaal) |
| | ***16:30*** | Kleinmond Gebedsgroep (Kapel) |
| | ***17:30*** | Bid vir Sendelinge (Kapel) |
| **Woensdag 6 Augustus** | ***11:00*** | Kleinmond Basaarsameroepers (TYD) |
| | ***17:00*** | Hangklip Bybelskool |
| | ***18:00*** | Rusplek Erediens (Kapel) |
| | ***18:00*** | Dissipelskap Reisgenote (TYD) |
| **Donderdag 7 Augustus** | ***06:00*** | Hangklip Mannegroep |
| | ***14:00*** | KK & K (Kapel) |
| | ***17:30*** | Diensverhoudinge (TYD) |
| **Vrydag 8 Augustus** | ***15:00*** | Hangklip Jeugbyeenkoms |

## Op ons gebedslys hierdie week...

***Suzanne Engelbrecht (HK1), Koos Moller (PM5)***
***Andriëtte Burger (Sa1) en Louis Muller (KB5).***

Ons bid saam vir hierdie en ander lidmate
wat voorbidding nodig het.


Verenigde Ring van Caledon
Ringsitting - 3-4 Augustus
by Caledon Moedergemeente


Ons Gebedsgroepe doen voorbidding vir die gemeente en gemeenskap elke Dinsdag...
Hangklip om 09:00
Kleinmond om 16:30


Vrouebyeenkoms
Datum: Dinsdag, 5 Augustus
Tyd: 15:00
Plek: Kerksaal
Diens van Barmhartigheid


Bid vir Sendelinge
Dinsdag 5 Augustus om 17:30



Rusplek Erediens
Woensdag 6 Augustus om 18:00


Kerkkantoor
Kerkkantoor kontaknommers
Landlyn - 028 271 3470
WhatsApp - 076 134 7157
Die ander nommer is gekanselleer.

# Ons vier Nagmaal...

Op Sondag 10 Augustus

- Hangklipkerk – ds Leopold
- Kuierkerk – ds Heinrich
- Kleinmondkerk – ds Kirsten





# Nagmaal Koskasinsameling

Onthou die KOSKASINSAMELING vir ons Barmhartigheidsbediening met ons Nagmaalnaweek.

**Diens van Barmhartigheid**

**SPESIALE INSAMELING**

**BRING SAAM MET NAGMAAL**

*Produkte wat benodig word:*

- *Blikkies Tuna*
- *Kookolie 750ml*
- *Langlewemelk 1 liter*
- *Ricoffy 250g*
- *Suiker 1kg*
- *Weetbix 450g*
- *Tandepasta*
- *Shampoo*
- *Handeroom*

**BAIE DANKIE VIR ELKE BYDRAE**

Caritas-span

# Nuwe Intrekkers

# Baie welkom!

*Bewys van lidmaatskap is ontvang van:*

***Rieka de Wet*** *van Villiersdorp (KP2)*
***Cecilia Maria Lubbe*** *van Welgemoed (KP2)*
***Gesina Cornelia Elizabeth Naudé***
*van Pretoria-Oosterlig (KP2)*

*Mag julle geseënd en gelukkig wees in ons gemeente. Mag julle voorwaarlik 'n geestelike tuiste hier by ons vind.*



## Winterhoop

**Die Winterhoop-projek word jaarliks geloods om behoeftiges te help met warm klere en komberse vir die koue winter. Bydraes vir plaaslike hulpverlening word verwelkom. Alle donasies kan by die Kerkkantoor afgelewer word.**

**Vir meer inligting kontak**
**Marilyn Coetzee (VGK) by 083 598 2037 of**
**Elsabé Smit (NGK) by 083 607 9935.**

# GETUIENISNAWEEK – 17 AUGUSTUS 2025



Patrick Vuthela is sedert 2023 een van die sendelinge wat Kogelberg-gemeente ondersteun. Hy is ook soos ds Theuns Henn en ds Leopold van Huyssteen 'n direkteur van die Ebenezer Theological Seminary wat oral in ons land aan pastore en kerkleiers teologiese opleiding gee. Patrick en Nwabisa, sy vrou, is ook in die Hangklipkerk getroud.

Die volgende getuienisnaweek op ons gemeenteprogram is die naweek van Sondag 17 Augustus. Patrick is genooi om by die erediens in Hangklipkerk te kom vertel van sy werk. Xhosa is sy moedertaal, maar hy praat met gemak Engels en ook Afrikaans. Dit rus hom toe en maak deure oop om die evangelie op verskillende plekke te verkondig, opleiding te gee en uit te reik na mense in nood.

In die Mbekweni-woonbuurt in die Paarl het hy 'n jeugbediening, doen hy en Nwabisa gemeenskapswerk, en het hy in 'n gazebo op 'n oop terrein digby sy huis met eredienste begin. Hy het ook 'n tronkbediening in Drakenstein-gevangenis in die Paarl. Dit gee hom geleentheid om gevangenes met die evangelie te bereik en ook te help met versoening tussen oortreders en slagoffers.

Die Getuienisaksie nooi graag alle belangstellende lidmate uit na die erediens in Hangklipkerk op 17 Augustus om 9-uur. Na die diens en gebruiklike tee kan Patrick voortgaan om meer te vertel van sy werk, sy getuienis te lewer en lidmate se vrae te beantwoord. Aan die einde daarvan word 'n ligte middagete voorgesit waarheen almal ook uitgenooi word. Om dit te kan beplan, word gevra dat belangstellendes hulle name vir Esther Pretorius (082 786 3100) gee. Om koste te dek word 'n betaling van R60 per persoon gevra. Bring asb. net eie drinkgoed.

## Vrouemaand: terugblik op Vintage-Tee

*Fanie Krige*

Die begin van Vrouemaand bied 'n mens die kans om die kollig te laat val op 'n skittergeleentheid vroeër vanjaar wat nie genoeg belig kon word nie omdat dit met die Paasspel saamgeval het.

'n Vintagetee is op 14 April by die Hangklipkerk aangebied. Die Assessor van die NG Kerk se Algemene Sinode, ds Maartje van der Westhuizen, was die spreker. Haar tema was gebou rondom die vrou se rol as leiersfiguur.

Gaste is genooi om die tee in vintage-uitrustings by te woon. Elseline Rörich het die prys gekry vir die bes geklede vrou by die geleentheid en Sandra du Plooy se hoed het baie aandag getrek.

Tafels is ook in die gees van die tema versier.

Predikantsvrou Riana van Huyssteen en Alta Jones, wat die Hangklipkerk se Boekoase bedryf, het aan die spits van die reëlings gestaan.



Met hierdie uitrusting het Elseline Rörich die koek gevat. By haar is Riana van Huyssteen.



Spreker Maartje van der Westhuizen by die hooforganiseerders Alta Jones en Riana van Huyssteen.




Lig
Deernis
Hoop






Lig
Deernis
Hoop


EXIT

## NG GEMEENTE KOGELBERG STEAKBRAAI

Die vreugde van saamwees en die dankbare geselligheid rondom gemeentewees is weer eens op Saterdag 26 Julie behoorlik by die NG Gemeente Kogelberg gevier!

Die middag se feestelikheid is afgeskop deur dr. Barend Vos - die bekende skrywer van Uit die Beek dagstukke. Barend het die gaste laat skaterlag met sy humoristiese vertellings van sy ervarings as predikant en so die gaste in 'n vrolike stemming geplaas.

Die ete het bestaan uit 'n voorgereg van heerlike brode geskenk deur Carry Me Home en Broodstories. Daarna het 'n hoofgereg van sappige biefstuk gevolg, wat onder die bekwame leiding van André Ferreira en die Braaispan gebraai is. Saam met die biefstuk is die allerheerlikste bykosse bedien. Alle produkte vir die bykosse was donasies van Das Maree, Spar Kleinmond en Die Bloubakkie. Hierdie bykosse is deur niemand minder as Fynbos Dienssentrum se direkteur, Patricia Kissane, voorberei en aan die gemeentelede voorgesit. Om die ete af te sluit is 'n heerlike nagereg - ook deur lidmate geskenk - deur Ninnie du Toit en Magda Leibrandt aangebied. Lekkerder kon 'n mens nie eet nie! Die tafels en saal was pragtig versier deur die kunstige Elaine Reitsma en Sally van Heerden.

Na 'n heerlike middag van saamwees, lekker lag en 'n smullekker ete, het talle gemeentelede sommer uit hul eie gehelp met die skoonmaak en regmaak van die saal vir die erediens van Sondagmôre.




Steakbraai
Saterdag 26 Julie 2025 12h00
Foto's geneem deur Louis Fourie
Met liefde gemaak deur Joanne

















## Groot belangstelling in Swart Tobie-film

*Fanie Krige*

Die eerste openbare vertoning van die film Swart Tobie: 'n Broeiseisoen in Bettiesbaai, wat in die Hangklipkerk aangebied is, het groot belangstelling uit die hele gemeenskap gelok. Meer as tagtig mense het dit bygewoon, waarvan 'n groot persentasie nie lidmate was nie. 'n Groot verskeidenheid soppe en brood het 'n ander soort swier verleen aan 'n geleentheid wat in die filmwêreld gewoonlik met rooi tapyt en aandrokke geassosieer word. Tog het die atmosfeer van intimiteit en gelukwense opreg gevoel—en des te waardevoller.

Die opbrengs van die aand, met kaartjies teen R100 per persoon, sal volgens die inleidende gesprek oor die film aangewend word vir die plaveisel by die kerkgebou, ten einde die toegang vir gestremde persone te vergemaklik.

Tydens 'n gesprek met prof. Marius Ungerer het die filmmakers, Van As en Jacques Jordaan, hul aspirasies, refleksies en swaarverdiende lesse gedeel. Die verfilming strek oor byna twee dekades, sedert Jacques in sy kleuterjare saam met sy oupa die omgewing van Bettysbaai begin verken het. Sy mediese studies en praktiese jare het egter 'n tien jaar lange onderbreking meegebring. Toe die projek hervat is, het daar 'n merkbare verskuiwing plaasgevind: Oupa se kundigheid het vervaag, terwyl Jacques se tegniese vaardighede gegroei het. Van As het uiteindelik besef dat die tyd gekom het om die leisels oor te gee—veral ná dataverlies weens verouderde toerusting en ou hardeskywe.

Die swart tobies, vertel hulle, het vir morele leiding gesorg en herinner aan 'n Hoër mag. Hul band, gesmee deur hierdie gedeelde missie, leef voort in planne vir 'n opvolgprojek—afhangende van kykerterugvoer en die verkryging van fondse.

Met verdere verfyning, insluitend 'n Engelstalige klankbaan, hoop die skeppers om die film se reikwydte en impak te vergroot. Gegewe die positiewe reaksie by die eerste openbare vertoning, lyk dit inderdaad haalbaar om borgskappe te bekom.

Die film betower met asemrowende videografie en skaars beeldmateriaal, en raak 'n mens met die diep persoonlike verhaal van die hernieude verhouding tussen 'n oupa en sy kleinseun—miskien net op die regte tyd. Die emosionele kern van hul storie het met die eerste vertoning 'n diep aanklank by die gehoor gevind. Die terugvoer was oorweldigend positief en laat die moontlikheid van 'n opvolgproduksie hoopvol blink. Intussen, gelukwense aan Van As en Jacques. Hul verhaal is 'n viering van intergenerasie-samewerking, eerbied vir die natuur en die blywende krag van gedeelde doel.



Die filmmakers Jacques en Van As Jordaan





Plastiekproppies en broodknippies word by die drie bedieningspunte van die gemeente in 'n aangewese houer ingegooi. Nadat Yvonne (de Vaal) en haar span dit gesorteer het, word dit in spesiale plastieksakke gesit en na die herwinningsaanleg in Hermanus geneem. So is daar 24 sakke in Julie daar afgelaai. ['n Ouma met haar kleinkinders het in die wintervakansie saam 'n sak proppies en knippies gesorteer en gewas] Nols Burger

# Boeke wat borrel!


*Lisel Krige*


Lidmate word daaraan herinner dat daar by die Hangklipkerk ‘n Boekoase is met kosbare leesstof wat geleen en gelees kan word.

- “ ‘n Roman deur Walter Wangerin” (vertaal deur George Weideman) is hoe die boek met die titel Jesus op sy omslag beskryf word. ‘n Opsomming op die agterblad lees so: “Enigmaties, ondeurgrondelik, sonder enige gemaak-ordentlike gesprekke; ten spyte van sy misterie – of dalk juis as gevolg daarvan – het hierdie Jesus liefde sowel as ontsteltenis laat opwel in die harte van mense wat sy pad gekruis het. Maria het gesien watter uitwerking sy teenwoordigheid gehad het”... vir sommige het dit stralende vreugde en sin gebring, maar ander is deur Hom ontstel, selfs bedreig en is sy uitlatings bevraagteken as morele vergrype.
- In die boek 3:16 Die vers van hoop bestudeer die bekende en geliefde skrywer Max Lucado Johannes 3:16 woord vir word. Sy uiteensetting en vertolking daarvan help lesers om raak te sien dat die Bybelteks ‘n aanbod van Jesus bevat. Lucado moedig ons as ‘t ware aan om die aanbod te aanvaar, wat behels dat elke belydende Christen vir ewig saam met die Vader sal lewe. Op die agterblad van die boek is ‘n kort uiteensetting wat onder meer sê die betrokke teksvers is ‘n “boodskap van hoop wat met God begin en met die ewige lewe eindig”. Die boek word deur STRUIK CHRISTELIKE BOEKE uitgegee.
- In The Five Languages of Apology deur Gary Chapman (bekend vir sy ‘The Five Love Languages’-reeks) en Jennifer Thomas, kan ‘n mens jou eie ‘jammersê-taal’ ontdek vir jou verhoudings met geliefdes. ‘n Opsomming van die inhoud herinner die leser daaraan dat die ‘regte lewe’ regte mense behels wat regte foute maak. Maar dit vermaan ook dat dit soms nie genoeg is om bloot net te sê ‘ek is jammer’ nie. Die behoefte aan die betoning van berou het betrekking op alle menslike verhoudings. “Die goeie nuus is dat jy die kuns van jammer-sê kan aanleer.” Chapman en Thomas het deur navorsing bevind dat ‘n apologie of verskoning basies vyf aspekte of ‘tale’ behels. Lees gerus meer hieroor!
- ‘Woestynwysheid’ deur Ronell Bezuidenhoutis, in willem Nicol se woorde, ‘n “pragtige voorbeeld van hoe klassieke skatte telkens weer die moderne deure na vryheid oopstoot”. Jy vind God in stilte, omdat ‘n ontmoeting met Hom nie tot taal beperk is nie. Die skrywer verwys na ou geloofstradisies soos eenvoud en afsondering waardeur die leser hierdie stilte kan ontdek en God weer opnuut kan ervaar. Theo Geyser van die InVia-gemeente beskryf die boek so: “ ‘n Woestyngids wat intellektueel en teologies stimuleer en genoeg praktiese ligvakkels opskiet sodat die ‘sagte sprong’ van die kop na die hart gemaak kan word.”


New York Times Bestselling Author of The Five Love Languages
GARY CHAPMAN
JENNIFER THOMAS
The Five Languages of Apology
How to Experience Healing in All Your Relationships
THE FIVE LANGUAGES OF APOLOGY PERSONAL PROFILE


MAX LUCADO
NEW YORK TIMES TOPVERKOPER-SKRYWER
3:16
DIE VERS VAN HOOP


Woestyn-wysheid
Ervaar God opnuut
RONELL BEZUIDENHOUT
Die boek is 'n pragtige voorbeeld van hoe klassieke skatte telkens weer die moderne deure na vryheid oopstoot. – Willem Nicol


JESUS
'N ROMAN DEUR
WALTER WANGERIN
Vertaal deur George Weideman

# Verjaarsdae!

## 2 Augustus

Alrina Brink 074 966 1462 (Ba1)

Susie Henn 073 002 2936 (KB1)

Nelie Lourens (Bb2)

## 3 Augustus

AGielie Loots 072 243 6246 (PB3)

Marlene Tribelhorn 082 904 9705 (Bb3)

Gerda van der Merwe 082 928 7471 (Sa3)

## 4 Augustus

MC Franken 083 359 7929 (PM2)

Lampies Lamprecht 083 499 2021 (Ba2)

Johanna Potgieter 073 278 2794 (BB1a)

Annabeth Schreuder (PM1)

Schalk Schreuder (PM1)

Annetjie Strever 082 212 3146 (KB6)

Maksi van Aardt (KP2)

Madri van Wyk (Bb2)

Marietjie van Zyl 083 324 7184 (KP1)

Marie Veldtmann 082 824 0765 (KB3)

Tersia Viljoen 082 338 2164 (Bb1)

## 5 Augustus

Tiaan Beukes (Sc2)

Alet Fourie 082 562 7190 (KP1)

Henna Meyer 082 848 5122 (PM3)

Sinta Viljoen 072 656 2150 (BB1b)

## 6 Augustus

Maureen de Villiers 084 804 3413 (KB2)

Kobus Grobler 083 656 6457 (Sb4)

Jurie Human 082 777 4512 (Sb1)

Chantelle Maree (Ba3)

Annina Schultz 072 692 6627 (PB1)

Willem Smit 083 687 8922 (Sb2)

Nita van Eeden (Sa3)

Hannes van Zyl 072 371 6300 (HK3)

## 7 Augustus

Hennie Coetzee 079 821 9549 (KB1)

Belinda van Eck 082 513 7376 (PB1)

## 8 Augustus

JP Duvenage 082 861 0616 (Ba1)

Cassie Steenkamp 082 882 4954 (Sa2)

Chris Wolfaardt 071 763 7292 (PM3)

## Die Eko-bediening se Bestuurspan is op soek na

'n vrywilliger

EKO-BEDIENING

Die aarde behoort aan die Here

### SEKRETARESSE/-RIS

Kontak Jan by
082 414 4254
of
janmomsen@gmail.
com

## Dankofferbydraes



Merk asseblief jou
dankofferbydrae met
HK vir Hangklipstreek of
KM vir Kleinmondstreek

## Ons soek asseblief bekostigbare vakansieverblyf

Makwe MISSION Quionga

vir Andre en Anna-Marie Thiart en hulle twee volwasse kinders vanaf 22 Desember 2025 tot 12 Januarie 2026.

Andre en Anna-Marie is sendelinge in Mosambiek by Makwe Mission in Quionga en word ondersteun deur Getuienisaksie van Kaapkerk.



Indien jy dalk kan help, skakel asseblief vir ds Heinrich by 083 566 1490.


Kom kyk die film:
SWART TOBIE
ń Broeiseisoen in Bettiesbaai
Tyd:
17:30 vir 18:00
Verversings ingesluit
ń Afrikaanse dokumentêr waar ń oupa en sy kleinseun die Tobies deur die hoop, verlies en oorwinning van die broeiseisoen volg.
NGK Hangklip: 25 Julie @ R100 pp
Kontak Beula Mitchell vir kaartjies: 082 224 8885
GK Kleinmond: 2 Augustus @ R 80 pp
Kontak Ina Kruger vir kaartjies: 082 963 6253


Kom sing saam
MANNESANGAAND
SANDBAAI, HERMANUS
met klavierbegeleiding
Kom gedenk 1700 jaar van die Geloofsbelydenis van Nicéa met Psalmsang en lied
DV Saterdag
9 AUGUSTUS 2025
17:00 | GEREFORMEERDE KERK HERMANUS
(BERGSIGLAAN, SANDBAAI)
ALLE MANS & SEUNS WELKOM
TOEGANG GRATIS
Deurkollekte &
verversings na afloop
Sluit aan by ons WhatsApp-groep deur die QR-kode te skandeer, of kontak:
Ds. Nikolaas Pienaar 082 060 2034 | nikolaaspienaar@gmail.com
Skriba Jac Botha 082 814 2230 | jac.botha@route2.co.za


WHALE COAST SYMPHONY ORCHESTRA PRESENTS
A NIGHT AT THE
Symphony
Join us for a symphonic journey that will move your heart and uplift your spirit.
23 August | 18:00
Hermanus Civic Auditorium
Tickets: R200 at the door
R165 on Quicket
WCSO
WHALE COAST
SYMPHONY ORCHESTRA
Quicket
wcsymphonyorchestra


LOAVES & FISHES
GOLF DAY
19 SEPTEMBER 2025
KLEINMOND GOLF COURSE
4 BALL ALLIANCE 2 SCORES TO COUNT
Scramble drive
SHOTGUN START
- 09:30 AM
R2000 PER FOUR BALL
Includes:
- Players fee
- Halfway House
- Prizes
- Dinner
Family and friends, join us for Prize giving, Dinner (pre book R120 pp) and Auction from 17:00
SPONSOR HOLES AVAILABLE
WIN
R50 000!
HOLE IN ONE!
(T's & C's)
RAFFLE:
½ Lamb hamper
R50/entry,
3 entries/R100
AUCTION
PRINGLE BAY UNITED CHURCH
Contact us for more information and Registration:
E-mail: pbucgolfday@outlook.com | Cell. 083 475 8949 - Eugene
Website: www.pbuc.org.za

# KERKKANTOOR

## ure

| | |
|---|---|
| **MAANDAG** | 10:00 - 13:00 |
| **DINSDAG** | 10:00 - 13:00 |
| **WOENSDAG** | 10:00 - 13:00 |
| | 16:00 - 18:00 |
| **DONDERDAG** | 10:00 - 13:00 |
| **VRYDAG** | GESLUIT |

## KONTAKBESONDERHEDE

***Bedieningsbestuurder: Joke Venter***

info@ngkogelberg.co.za

Whatsapp: 076 134 7157

***Saakgelastigde: Elizna Hogan***

028 271 3470 fin@ngkogelberg.co.za

***Koster: Danie de Vaal***

083 670 4290




GROEPGESPREKKE | 3 - 9 AUGUSTUS 2025

1. **Gesels bietjie saam...**
    - Speel 'n speletjie: Verbeel jou jy het al die geld wat jy ooit kan benodig:
        - Wat sal jy doen?
        - Of wat sal jy koop?
        - Wat sal verander in jou lewe?
    - Is ryk mense gelukkiger as arm mense? Hoekom sê jy so?

2. **Ons storie nou...**
    - Deel met mekaar:
        - Watter dinge is vir jou op hierdie stadium van jou lewe baie belangrik?
        - Watter goed sal jy op jou lys van prioriteite sal plaas... of op jou *bucket-list* wees?
    - Hoekom dink jy is mense so bekommerd oor finansiële sekuriteit?

3. **God se storie...**

- Lees nou weer die teksgedeelte van Lukas 12:13-21 saam deur.
- Noem enige iets uit die gedeelte wat jou geraak het. Of enige vrae wat jy nou het.
- Deel met mekaar iets wat jou uit Sondag se erediens geraak het.
- Gesels bietjie met mekaar oor die volgende:
    - Wat is die kern van die gelykenis wat Jesus vertel?
    - Watter woorde of frases in die ryk man se redenasie (v15–19) staan vir jou uit?
    - Wat wys dit oor sy fokus en prioriteite?
    - Wat is ironies aan God se woorde in vers 20?
    - Wat beteken dit om "ryk by God" te wees volgens vers 21?

4. **Hoe die Bybel ons storie verander...**

- Deel met mekaar julle gedagtes oor die volgende vrae:
    - Watter boodskap neem jy vir jouself uit hierdie gedeelte uit?
    - Hoe verskil God se manier van dink oor sekuriteit van ons mense sin?
    - Op watter manier kan ons 'ryk' wees by God?

5. **Sluit die byeenkoms af deur geleentheid vir stil of hardop gebede.**

**Ons lees dié week uit die Woord...**

Lees gerus die volgende teksgedeeltes uit die Woord met die oog op Sondag 6 Julie se eredienste en oordink dit solank hierdie week onder leiding van die Heilige Gees:

- Maandag 4 Augustus - Lukas 12:13-21
- Dinsdag 5 Augustus - Psalm 50:1-23
- Woensdag 6 Augustus - Jesaja 1:1-20
- Donderdag 7 Augustus - Lukas 12:32-40
- Vrydag 8 Augustus - Hebreërs 11:1-3
- Saterdag 9 Augustus - Lukas 11:8-16